

QUO VADIS?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 143, Julie 1979

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

Die Brits-Israelbeweging

*"Want hulle is nie
almal Israel
wat uit Israel
is nie."*

*"Ook nie omdat hulle
Abraham se nageslag is,
is hulle almal
kinders nie,"*

Romeine 9: 6 en 7

Is die Britte (en ons) die letterlike nageslag van Israel?

Dit is nou 'n snaakse vraag, nie waar nie? Ons is mos van Europese afkoms! En tog is daar mense wat beweer ons is Israeliete.

Die mense wat hierdie teorie huldig, word die voorstanders van die Brits-Israelbeweging genoem. Die hooftrekke van hulle beredenering is dat die tien stamme wat in ballingskap na Assirië weggevoer is, nooit na Israel teruggekeer het nie. Hulle sou, volgens hierdie teorieë, versprei het na die lande wat vandag bekend staan as Holland, die grondgebied van die Skandinawiese volke, Ysland en Amerika, en die nasies van die Britse Ryk. Al hierdie nasies is dan bloedafstammeling van die tien stamme van Israel.

Richard Brothers (1757 - 1824) word as die vader van hierdie teorie beskou. Sy bewerings het duisende aanhangers oor die hele Britse Ryk heen verkry en het ook in Suid-Afrika groot getalle aanhangers verwerf.

Alhoewel daar geweldig baie argumente aangevoer word om die teorie te bewys, is die volgende basiese argumente die belangrikste:

1. God het ewige beloftes van trou teenoor Israel as nasie gemaak dat hulle vir ewig as volk sal bestaan. As hulle vandag nie meer as 'n nasie bestaan nie, beteken dit dat God sy beloftes verbreek het.
2. God se Woord handhaaf hulle dwarsdeur as 'n aparte groep wat geheel en al van die Jode — wat die afstammeling van die twee stamme van Juda en Benjamin is — onderskei moet word. Hierdie argument word as die sleutel beskou waarsonder die Bybel en die Brits-Israelteorie nie verstaan kan word nie.
3. Volgens Jer. 3:18; 31:27-31; Eseg. 37:15-23, moet daar nog in die toekoms 'n hereniging tussen die twee groepe plaasvind.
4. Die koningskap van Dawid en dié van sy nageslag word 'n ewige koningskap genoem.
5. Die naam "British" en "Brittannia" is afgelei van die Hebreeuse samestelling "berith" (verbond) plus "isj" (man) en "berith" plus "ain" (land), sodat "British" die "verbondsnasie" en "Brittannia" die "verbondsland" beteken.
6. 'n Duisternis van historiese en volkekundige teorieë word gebruik om te bewys dat die tien stamme die Skithe is wat volgens Herodotus in 740 v.C. uit Asië getrek het om by die Swartsee te woon, en wat in die loop van 'n duisend jaar oor die hele Europa versprei het.

Die Massagetae, een van die Skithiese stamme sou die Gote van die geskiedenis wees wat in die Noormanne via Frankryk na Engeland verhuis het. Volgens die Brits-Israelbeweging sou dit die historiese skakel wees wat die Tien Stamme met Brittanje verbind.

Hierby word dan allerhande verregaande argumente oor velkleur, neusvorm en skedelvorm gevoeg om te bewys dat die blanke Skandinawiese ras 'n voortsetting is van Israel uit die tyd van Dawid wat ook 'n blanke ras met dieselfde volkekundige trekke was

7. Oral waar die Bybel praat van "eilande" moet 'n mens aan Brittanje dink. So word bv. verwys na Jes. 24:15; 42:4, ens. en wanneer die Here in II Samuel 1: 10 belowe om vir sy volk 'n plek te bestel waar die kwaaddoeners hom nie weer sal verdruk nie, word Engeland as die veilige plek aangewys.

Immers, in die sestiende eeu het 235 Franse skepe aangekom om Engeland te verower, maar God het hulle met die pes verdrywe; so is in 1588 ook die Spaanse Armada naby Engeland deur 'n storm verwoes en Napoleon so pogings, dié van die Russe en Turke by die Dornadelle (1878) en van die Duitsers in twee wêreldoorloë, vrugtelos.

8. Die ewige koningskap van Dawid word in die koningshuis van Brittanje voortgesit. Jeremia sou met twee van Sedekia se dogters, ná die verwoesting van Jerusalem (587), eers na Egipte en daarna deur die Middellandse See na Spanje gegaan het. Hier is een van die dogters getroud, terwyl Jeremia met die ander een na Ierland gevlug het. Uit die Ierse geskiedenis word vertel dat 'n siener (Jeremia) met 'n prinses na Ierland gekom het, waar die prinses met koning Hermon getroud is, ook 'n afstammeling uit die geslag van Dawid.

Dawid se geslag het dan daar op die troon gesit, totdat 'n duisend jaar later die More met gewapende bendes Skotland verower het, sodat die koning se seun ook later koning van Engeland geword het. Die koningshuis van Brittanje kan dus teruggevoer word tot die geslag van Dawid en met die wederkoms van Christus sal hierdie troon weer in Jerusalem gevestig word.

Ds. Flip Buys.

Bestaan die Tien Stamme vandag nog as 'n afsonderlike groep?

Die teorie dat die tien stamme as 'n aparte groep los van die huidige Jode bestaan, berus, op verkeerde uitgangspunte en op 'n verkeerde verklaring van die Skrif. Die gedagte waaraan vasgeklou word, is dat slegs die terugkeer van die twee stamme van Juda en Benjamin uit die ballingskap in die Bybel beskryf word. Omdat daar nie vertel word van 'n terugkeer van die ander tien stamme nie, bestaan die Jode in Jesus se tyd en vandag slegs uit die twee stamme van Juda en Benjamin.

Die verkeerde uitgangspunt agter hierdie gedagte is dat die Bybel 'n geskiedenisboek is oor Israel, wat alles wat met die volk gebeur het moet beskryf. Die Bybel is nie maar net 'n geskiedenisboek nie. Baie dinge wat met Israel gebeur het, word nie beskryf nie, maar slegs aanvaar dat die leser dit moet weet.

Die Bybel is 'n boek waarin God geopenbaar word. Die geskiedenisverhale wat daarin beskryf word, word nie beskryf om aan ons interessante historiese feite te vertel nie, maar om God te leer ken uit Sy handeling in en deur en met Sy volk.

Bowendien lees ons in Esra 6:17 en 8:35 dat ná die ballingskap twaalf bokke volgens die getal van die stamme van Israel geoffer word.

Ook spreek die profeet Sagaria wat ná die ballingskap opgetree het, die teruggekeerdes toe as die huis van Juda en die huis van Israel (Sag. 8:13; 10: 6).

Hierdie feitlike toestand ná die ballingskap is dan ook 'n vervulling van die uitsprake van die profete vóór die ballingskap.

Jeremia 3: 13: *"In dié dae sal die huis van Juda gaan na die huis van Israel, en hulle sal saam uit die Noordland kom in die land wat Ek aan julle vaders as erfenis gegee het."*

Jeremia 50: 4: *"In dié dae en in dié tyd, spreek die HERE, sal die kinders van Israel kom, hulle met die kinders van Israel saam; onder geweën sal hulle voorttrek en die Here hulle God soek."*

Christus praat met die Jode van sy tyd as Israëliete uit die geslag van Abraham. Paulus, uit die geslag van Benjamin, noem homself soms 'n Israëliet en dan weer 'n Jood.

Dieselfde mense wat 174 keer in die Nuwe Testament "Jode" genoem word, word ook 75 keer "Israel" genoem.

Ons lees ook in Luk. 2: 36 van Anna, die profetes, dat sy uit die stam van Aser was en in Hand. 26: 6 en 7 spreek Paulus die Jode van sy tyd toe as die twaalf stamme wat God dag en nag dien.

KONKLUSIE: Die Jodedom van die tyd ná die ballingskap verteenwoordig al twaalf stamme van Israel.

Ds. Flip Buys.

Die Brits-Israelbeweging tas die hart van die Evangelie aan.

BLOEDSUIWERHEID AS VOORVEREISTE VIR GOD SE BESONDERE GUNS?

Voorstanders van die Brits-Israelbeweging, soos bv. pastoor F.W.C. Nesor van Vereeniging, lê so baie kiem op rasegtheid, bloedsuiwerheid en geslagsbepalinge as 'n absolute voorvereiste om God se besondere guns te ontvang, dat die suiwer evangelie van genade alleen wat die hart van die Bybel is, en die sentrum van alle protestantse teologie, heeltemal op die agtergrond te staan kom.

In "Die verlore tien stamme & Israel" Deel 4 van F.W.C. Nesor, p. 24 lees ons: "Daar wag 'n heerlike, spoedige nasionale wedergeboorte vir die hele volk van Israel, vir dié wat die suiwer bloed van Israel in hulle are het." (Nesor se onderstreping — P.J.B.)

WAT SÊ DIE BYBEL?

Kom ons kyk nou net na 'n paar duidelike uitsprake van die Nuwe Testament.

In Filippense 3: 4-11 het Paulus dit juis teen die Judaïste wat die Joodse tradisies tussen die gelowige en Jesus Christus wil inskuif as 'n ekstra voorvereiste om God se besondere guns te ontvang. In vers 5 wys Paulus dan op sy rasegte Israel-afkoms: "...uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs..."

Van al die dinge sê hy dan in vers 7 en 8: "Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja, waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus my Here ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou om Christus as wins te verkry."

Let wel: Sulke dinge soos bloedlyn, geslag en afkoms het hy as drek beskou, want dit is dinge wat lei tot eiegeregtigheid. Daarom sê hy in vers 9 dat hy al hierdie dinge (waaronder geslag en bloedlyn) prysgegee het om in Christus gevind te word, nie met sy eie geregtigheid nie, maar met die geregtigheid wat 'n mens suiwer en alleen verkry deur die geloof in Jesus Christus.

Baie duidelik word enige gedagte van 'n voorrang by God op grond van bloedlyn en geslag, ook verwerp as Paulus in Galasiërs 3:29 sê: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename."

Die Brits-Israelmense se dwaling kom neer op 'n omdraaiing van hierdie teks: En as julle die nageslag van Abraham (Israelbloedlyn) is, dan behoort julle aan Christus. Daarom sê ons hulle tas die hart van die Bybelse boodskap van genade alleen en Christus alleen in sy wese aan.

VEILIGE TOEKOMS OP GROND VAN BLOEDSUIWERHEID?

Pastoor Nesor beweer dat die blankes 'n veilige toekoms het ondanks alle gevare, bloot omdat hulle Israelbloed in hulle are het, afgesien daarvan of hulle, hulle waaragtig bekeer tot God en glo in Jesus Christus.

In Joh. 3:8 wys Johannes die Doper op presies dieselfde dwaling, en sê dan: "Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek."

In Handeling 10 lees ons Petrus se reaksie op die openbaring wat God hom gegee het, naamlik dat hy die evangelie van Jesus Christus en van die vergifnis van sondes uit genade alleen, ook aan heidene moes gaan verkondig. As mens die hele hoofstuk lees, dan sien jy hoe Petrus ook eers huiwerig was om die eksklusiewe Israeltradisies te deurbreek. In die gesig van die laken met die onrein diere kry hy die bevel om te slag en te eet, en dan voeg die Here daarby: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie." (vers 15)

Nadat Petrus dan by Cornelius gekom het, sê hy: "Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie. " (vers 28)

As hy dan hoor hoe die Here self ook alreeds in Cornelius se hart gewerk het, sê hy: "Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is." (vers 34 en 35)

Let tog mooi op. Daar staan nie: "Israelnasies" nie, maar wel elke nasie. Die Griekse woord "ethnos" vir "nasie" wat hier gebruik word, is presies dieselfde woord wat Paulus gebruik om die "nie-Israelnasies" te beskrywe wanneer hy in Handeling 13: 19 praat van die sewe nasies wat die Here uit die land Kanaän uitgeroei het, voordat Israel daar gevestig is.

EIEGEREGTIGHEID EN WERKHEILIGHEID.

Trekke van presies dieselfde eiegeregtigheid en 'n roem in eie werke van die rassitiese Fariseërs, wat juis daarom nie die evangelie van vrye genade alleen wou aanvaar nie, kry ons by voorstanders van die Brits-Israelbeweging. So word bv. beweer dat dit nog altyd net mense uit die blanke ras is wat Bybels versprei het en miljoene Rande aan sending bestee het en daarom is dit (eie goeie werke?) 'n bewys dat die blankes God se besondere begunstigde Israelvolk is.

Die feit dat die sentrale gedagte van God se soewereine genade in Jesus Christus nêrens in die Brits-Israelgeskrifte funksioneer nie, dwing 'n mens om te sê: Hier het ons 'n valse evangelie. Vir die Galasiërs wat so verlei is deur dwaalleraars wat die ou Joodse wette en tradisies en Israel-eksklusiwiteit voorop gestel het, sê Paulus: "As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met dit wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!"

Dit is nogal merkwaardig dat daar in die geskrifte van die Brits-Israelmense selde of ooit verwys word na Galasiërs. Word dié Skrifgedeeltes gerieflikheidshalwe vermy?

As hulle maar met 'n oop gemoed, onbevange en sonder voorafingestelde standpunte 'n noukeurige studie van Galasiërs 3 maak, sal hulle self besef dat die evangelie van Jesus Christus alleen, deur hulle teorieë wesentlik aangetas word.

Wat Prof. P.A. Verhoef in sy boekie: "Israel in die krisis" (Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, 1967, p. 35) van die Chiliasme sê, kan ons ook hier met instemming aanhaal: "Watter sin sou dit dan hê om 'n groot brokstuk partikularisme in die gestalte van 'n bepaalde volk en 'n sekere land ook vir die nuwe bedeling te handhaaf? Is dit nie 'n miskenning van die sentrale en universele betekenis van die soenverdienste van Christus nie? Wanneer ons Israel ook vir die nuwe bedeling as bondsvolk van die Here wil handhaaf, gryp ons dan nie agter die kruis om, terug na die skema van die ou bedeling nie, en is ons nie daarmee besig om die geskeurde voorhangsel met Ou Testamentiese garing weer toe te werk nie?"

Ds. Flip Buys.

Het God ontrou aan sy beloftes teenoor Israel geword?

'n Belangrike argument van die Brits-Israelteorie is dat God ewige beloftes van trou teenoor Israel as nasie gemaak het, dat hulle vir ewig as aparte volk sou bestaan. As hulle vandag nie meer as 'n nasie bestaan nie, beteken dit dat God sy beloftes verbreek het?

VANSELSPREKENDE VOORTBESTAAN?

Een dwaling agter hierdie argument is dat die volk ewig sal voortbestaan, afgesien daarvan of hulle die Here getrou en ootmoedig dien; so asof hulle vanselfsprekend op grond van 'n "natuurlike" verhouding, die volk van die Here is en bly, selfs al leef hulle nou ook hoe goddeloos.

Reeds in die Ou Testament word hierdie dwaling telkens by die wortel afgesny. Veral die profete het elke keer hierdie vanselfsprekendheid in die verhouding tussen God en Israel ten sterkste verwerp. "Vertrou nie op bedrieglike woorde nie, wat sê: Die Here se tempel, die Here se tempel, die Here se tempel is dit!" roep Jeremia uit. (7:4) Telkens maak hulle dit duidelik dat die verkiesing nooit buite die verhouding van 'n opregte geloof in God sinvol is nie. Wanneer Israel bv. in die dae van Amos meen dat die groot en deurlugtige dag van die Here vanselfsprekend vir hulle net heil sal inhou, omdat hulle immers die volk van God is en Hy vir ewig getrou is aan Sy verbondsbeloftes, dan kom die profeet met 'n skokkende versekering dat die dag vir hulle duisternis sal wees en geen lig nie. (5:18-20)

Nie in die eerste plek jou Israelbloed nie, maar 'n ootmoedige lewe in 'n persoonlike, versoende verhouding met God, gee die onwrikbare sekerheid op 'n veilige toekoms.

ISRAEL, EN GOD SE ISRAEL.

'n Ander gedagte wat in die Nuwe Testament sterk beklemtoon word, is dat God self bepaal wie Hy as Israel beskou en Hom nie laat bind deur bloed en ras en agtergrond nie.

Dit word veral duidelik as daar 'n noukeurige, aandagtige studie van Romeine 9-11 gemaak word.

In Romeine 11 word dan daarop gewys dat Israel (d.w.s. die Israel van God wat Christus Jesus as Messias erken) soos 'n olyfboom is waarvan sekere takke (dié wat nie wou glo in Jesus Christus nie) afgekap is. Op hierdie mak olyfboom (Israel van God) is nou takke van 'n wilde olyfboom (heidennasies) ingeënt. Dit is iets teen die natuur (11:24), d.w.s. nie kragtens bloed en geslagsbande nie, maar kragtens geloofsbande (vs. 20).

Paulus wys dan nog daarop dat die natuurlike takke (mense met Israelbloed) wat vanweë hulle ongeloof afgekap is (vs. 20), weer ingeënt kan word as hulle nie in hulle ongeloof volhard nie (vs. 23—24).

Omdat Israel uit die dae van Abraham, Isak en Jakob dus voortbestaan in die stam (kern van Christusgelowige Israëliete), is dit 'n bewys dat God getrou bly aan Sy beloftes. Al is daar baie takke van die oorspronklike olyfboom afgekap, is die oorblyfsel (vs. 5) nog steeds 'n voortsetting van dieselfde oorspronklike boom.

In sy liefde vir die hele wêreld (Joh. 3:16) het God egter nou ook mense uit die heidennasies op hierdie boom ingeënt, sodat nulle saam met Israel gered kan word

GOD SE DOEL MET ISRAEL SE AFSONDERING IN DIE OU TESTAMENT.

So word dit nou duidelik dat die afsondering van Abraham en sy nageslag nie maar net ter wille van hulleself was nie, maar ter wille van die redding en herskepping van die ganse mensdom. Dit is wat die Here alreeds in Gen. 12:3 bedoel het toe Hy vir Abraham gesê het: "In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."

Aanhangers van die Brits-Israelbeweging vertroebel hierdie duidelike, voor die handliggende uitleg van Romeine 9-11 deur te beweer dat hier telkens die "tien stamme van Israel" bedoel word as daar "heidene" staan. As 'n mens so te werk gaan, deur dit wat tog uitdruklik daar staan te ontken en te beweer dat ons liever in die plek van "heidene" "verlore tien stamme" moet lees, dan kan jy seker enige iets uit die Bybel bewys. Immers dan lees jy nie wat daar staan nie, maar dit wat jy graag wil hê wat daar moet staan om by jou vooropgesette skemas in te pas.

Ds. Flip Buys

Die Lis van God se Liefde.

Jy dien God min of meer, nie waar nie?

Jy is tog op 'n manier "godsdiensdig".

Maar waaróm dien jy God? Wat dryf jou heimlik daartoe?

Dien jy God ter wille van jousef of ter wille van Homself?

Omdat jy iets vir jousef begeer, of omdat jy God sonder meer wil eer?

Omdat jy die ewige lewe wil verkry, of omdat jy God wil gee wat Hom toekom?

Is jou verborge motief liefde vir jousef of suiwere liefde vir God?

Dis moeilike vrae, nie waar nie? Gaan dit vir jou om geeneen van hierdie dinge nie, of is dit sommer 'n vreemde mengsel van alles wat genoem is?

Dit lyk en voel so sondig om God te dien met die doel om ook vir jousef iets daaruit te kan kry. Tog staan daar geskrywe: "Met my siel begeer ek U in die nag." (Jes. 26: 9) En, roep die Psalmdigter uit: "Verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart." (Ps. 37:4). En die Here sê self tog: "Werk jou eie heil uit met vrees en bewing..." (Fil. 2:12). En die tronkbewaarder vra: "Menere, wat kan ek doen om gered te word?" waarop Paulus antwoord: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." (Hand. 16:31). En was Luther se lewenstema dan nie: Alleen deur die geloof word jy geregverdig nie? Kan mens dit dan werklik godsdiensdigte egoïsme noem as jy die ewige lewe van God vir jousef begeer en dit deur die geloof verkry?

Aan die ander kant: Om God so totaal onbaatsugtig lief te hê ter wille van Homself, lyk onmenslik vanweë die sonde, asof dit miskien te heilig vir 'n blote mens kan wees. Tog staan daar geskrywe: "Jy moet die Here jou God liefhê." (Matt. 32:37) En die Psalmdigter sing: "Nie aan ons nie, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam alleen kom die eer toe." (Ps. 115:1). Die bevel kom duidelik tot jou: "Gee aan die Here die eer van Sy Naam." (Ps. 29:2). God vra dit self in Maleagi 1:6 as Hy sê: "As Ek dan 'n Vader is, waar is My eer?" En was Calvin se lewenstema nie: "Aan God alleen die eer" nie?

Hoe nou gemaak? As jy God dien, omdat jy iets van Hom begeer, dan ken jy nog nie die ware God nie. Jy begeer Hom om jou die lewe te gee, beskerming te bied en jou lewe te heilig . . . alles ter wille van hierdie dinge self. En tog gebeur dit so dikwels dat jy God wel eer, maar so sonder enige verlangens asof God 'n ongenaakbare, eersugtige God is.

Moet jy dan nou begeer of eer?

Luister eers wat sê God self van begeer en eer:

God begeer ook: "Alles wat Sy siel begeer, dit doen Hy." (Job 23:13). En wat is dit wat God veral van jou begeer? Dat jy Hóm moet begeer én eer . . . op die manier wat Hy dit wil hê. Daarom het God in Sy grondelose goedheid aan jou álles gegee wat jou hart in hierdie lewe kan begeer: Verlossing en vergifnis van sonde, die ewige lewe ja, Hy het Homself in Jesus Christus aan jou gegee!

God gee altyd eers voordat Hy vra. Hy het aan jou die begeerte gegee om Hom te eer.

En jy hoef op aarde niks méér te begeer as wat Hy reeds aan jou gegee het nie, want Hy het alles aan jou gegee: Homself! Jy hoef Hom ook niks meer te eer as om Hom maar net uit dankbaarheid lief te hê nie.

As jy die ware God deur Jesus Christus ken, is jou diepste begeerte nie lewensgemak of hemelsgeluk nie, maar God self en Sy gemeenskap in Woord en gebed. Dan begeer jy God ter wille van Homself en jy eer God ter wille van Homself. Begeer en eer val saam.

Hoe listig is God se liefde nie: Jy mag niks minder begeer as God self nie en alleen op hierdie wyse, eer jy Hom!

Eer aan God in die hoogste hemele en vrede vir jou op hierdie oomblik!

Ds. Ben Cloete.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.